



TOULEIER

Ons antwoord op die lokstem van Manakwaland



Dié week het ek 'n groot kans gevat en die *Kammanuus* klaar gemaak alvorens ek en Kamermaatjie en ons vriendin Shela Buckingham-Brown op ons blommetoer na Namakwaland vertrek het. Hy is in 'n tydksule in Kanada geplaas om teen 8 September te ontdooi. Die feit dat jy dit nou lees, is die getuigskrif dat dit gewerk het!

Ons behoort vandag al omtrent die hele Knersvlakte se omgewing met busse te verken hê. Vanaf Mesklip tot by Nieuwoudtville. Hoop die goeie reën laasweek het vir ons blomme voorberei.

Shela was laas jaar ook saam met ons, en die entjie mens wou met alle geweld weer kom kyk. Sy is eintlik net Brown, maar toe sy Australië toe immigrer, het sy besluit sy wil darem bietjie aansien geniet en die Buckingham-gedeelte het daar bygekome.

Shela geniet Suid-Afrika vreeslik, en ons weer verkies ons aan die manier wat sy ons woorde uitspreek.

Sy gaan soos gewoonlik weer kuier aan die Amaroela wat sy saam met als drink, selfs oor haar brekfisvlokkies! Dan is sy gewoonlik die volgende oggend so effe babelas, of soos sy dit noem: "bubble arsed."

Ek vertel julle later wat ons als belewe het, mooi loop en lekker lees!



Huldeblyk aan George Weideman

Ons Afrikaanse digter George Weideman is einde Augustus oorlede. Kammalander BARBARA POTGIETER se huldeblyk aan hom is twee van haar gunsteling gedigte:

Dis of die blomme

Dis of die blomme kreupel is vanjaar,
met onhelder oë; die vaaltes dofval en grys -
jy moet kom, sodat ons betyds in diep klowe
kan soek na sporrie en wilderoos...

Uit my bladsak

Nou is my bladsak eivool
Van die polfyntjies uit my kontrei
En voordat ek weer kuier-dol
my spore trap tussen sultanas,
doringboom en geel stinkkruid
keer ek maar die bladsak om
en skud my versies in my skermpie uit.

KRY GEORGE SE CD 'DOEPA'

Onthou, julle kan nog die CD met die titel *Doepa* op ons webwerf bestel.

Helena Conradie se verwerking van George se skryfgoed is bobaaswerk, en haar passie vir die soort ding kom duidelik deur in haar voordrag en vertolking van sy werke.

Hennie Greeff
Gomorra, Duskantland



ROELFIE SLAAT RAAK

❑ Wittes nou skielik nodig

DIE week se goeie nuus is dat dit lyk of die ANC begin vrede maak met die feit dat 'n groot deel van die gemors waarin die land is, te wyte is aan die eksodus van (wit) "opgeleide patriotiese kenners" wat tot 'n "vaardigheidsvakuum" in sommige gebiede gelei het.

Dis in elk geval deur sy geld-generaal Mathys Prosa verwoord is, en 'n hele paar kamerade stem glo met hom saam. Mathys vra ook dat wittes wat die staatsdiens verlaat het, "toegelaat" moet word om terug te keer.

Toegelaat se gat, patat. "Gesmeek" sal 'n beter woord wees nadat hulle uit diens gedwing was. Hoekom sal hulle terugkeer na organisasies waar hulle soos tweederangse burgers behandel en verneder is?

'n Paar duisend van hulle vind dat die lewe selfs op daai twee mislike ou eilandjies van die All Blacks 'n beter plek is.

► **Die aanhoudende koue, reën en wind breek nie by jou huis in en vermoor jou nie.**

❑ Volkiesraad slurp anders

DINGE in die volkiesraad is besig om te verander. Nee, die uitgevrete, oorbetaalde skelms sit nog aan by die soustrog, maar deesdae slurp hulle uit papierborde.

Die tafelsilwer staan nou met pryse op in vertoonkaste te koop. Dit beteken twee dinge: Daar is minder skottelgoed om te was en te breek, en minder van die duur eetgerei kry voete.

► **Roelfie weet net nie wie hou die sleutels en wie hou boek van die verkope uit die toonkaste nie.**

❑ Broekskeur

DINGE gaan rof in Wes-Slaapland se ANC. Ebarjim Versool is as premier ge-fire, en verder slyp die comrades net messe vir mekaar. Die ou met die langste mes het die beste kans om op die soustrein te bly.

In een van die jongste gevalle het die nuwe minister van sport se broek skoon in die slag gebly.

Dié kameraad het 'n uitdaging aanvaar om 30 meter ver op sy hande te loop, en het in die proses R30 000 vir 'n agtergeblewe boksklub ingesamel – maar toe skeur sy broek toe hy so onderstebo begin stap.

► **Met die meeste ander dinge in die provinsie gaan dit ook maar broekskeur.**

❑ Boeksak weer in die mode

DIE Boere soek 'n nuwe De la Rey om hulle te lei, en die bruin mense soek dieselfde Skelm Boeksak wat in die tronk loop sit het omdat hy arm kinders se geld gesteel het – en dit steeds ontken en weier om jammer te sê.

Die man klink steeds soos 'n Smurf op helium, maar die massas hang aan sy lippe, en politieke ontleders praat van 'n *landslide* in die Kaap as hy hom weer tot die politiek sou begewe - of dit nou vir die ID of die DA is.

► **Lyk vir Roelfie baie van die Duskantlanders is al erg gewoond om geregeer te word deur mense wat van die armes steel en hulself verryk.**

❑ Verkeersplan nommer ?

WANNEER gaan ons tog ophou om miljuisende rand te mors op grootse verkeersplanne wat nie werk nie? Die jongste breinpoep is 'n wet wat 'n spoedvraat sy lisensie laat verloor as hy die grens met meer as 30 km/h oorstek - alles in die geloof dat net spoed tot die dood lei.

En wat dan van oorlaaide, ongelisensieerde, onpadwaardige taxi's met gladde bande? verbysteek op 'n wit lyn of teen aankomende verkeer? Voetgangers op snelweë? En so meer.

► **Ander lande het hul ongeluksyfers dramaties laat daal. Die verskil is dat hul spietkops nie onder bome sit en slaap nie, en die wet sonder aansiens des persoons toepas.**

Allegaartjie

Wát sing hulle regtig?



Nkosi Sikelel' iAfrika in Afrikaans! Staan op aandag en vuus teen die bors terwyl jy langs die rugbyveld of voor die TV sing. Sing saam uit volle bors (of borste, afhangende van jou geslag).

Almal sal dink jy's baie patrioties en dat jy al die woorde ken!

*Oom Kosie soek 'n lelie in Afrika
Maar dit help hom niks nie, dis
klaar gesteel*

Kyk hoe soek die boere hoog en laag

Waar's hy, waar's my lelie?

Soek hom, ek wil hom weer hê



DIE KOLONOSKOPIE

DIE organe het 'n vergadering gehou om te besluit wie in beheer van die liggaam is.

BREIN: "Ek moet in beheer wees. Ek dryf al die liggaam se stelsels. Sonder my sal niks gebeur nie."

BLOED: "Nee, ek moet die baas wees. Ek sirkuleer die suurstof. Sonder my sal almal sterf."

MAAG: "Ek verteer en prosesseer die kos wat aan almal van julle energie gee."

BENE: "Ek is die belangrikste, want ek neem die liggaam waar hy wil wees."

OË: "Nou ja, dan is ek belangriker. Sonder my sal die liggaam nie weet hoe om waarheen te loop nie."

REKTUM: "Julle is almal verkeerd. Onthou, ek is die een wat al die afvalstowwe verwyder."



Die ander organe het vir die rektum gelag en hom allerhande lelike dinge genoem. Toe sluit die rektum.

Binne 'n paar dae had die brein 'n geweldige hoofpyn, die maag was verstop, die oë het getraan en die bloed was toksies.

Hulle vergader weer en gee die rektum gelyk: Hy is die baas.

Die sedeles in die storie is dat almal die werk doen, maar die poepol is gewoonlik in beheer.



En wat dink JY hiervan?

SASOL was die amptelike borg van die Nuwe Handtekening-kunsprijs, maar het hom gedistansieer van die wenner van vanjaar se kompetisie - *Familieportret*, deur Richardt Strydom.

Sasol se rede is omdat dit "ongemak" veroorsaak.

Die skrywer Gerrit Brand het hom op sy blog soos volg uitgelat:

"Kuns moet jou anders laat kyk. Dit moet jou, in die woorde van David Kramer, laat sien wat jy tot nog toe nie kon sien nie – ook as dit nie 'mooi' is nie. Wat is dit wat Sasol so 'ongemaklik' laat voel? Die feit dat die halfnaakte vrou wat deur die halfnaakte man aangeraak word 'n babapop vashou?"

Wat is JOU gevoel hieroor? Is dit kuns? Was Sasol reg, of verkeerd?

Skryf aan pos@onsdorp.com en merk jou e-pos SASOL.



Dié week se giggels



POST TOASTIES

Twee knape, 7 en 4 jaar oud, het besluit dat die tyd ryp is vir hulle om te begin vloek. Hulle sal met ontbyt begin - die oudste een sal vloek, en sy boetie sal hom volg.

Die volgende oggend vra die moeder wat hulle vir ontbyt wil hê.

"Ag," sê die 7-jarige, "gee maar van daai f*kken Post Toasties."

KLAP! Die volgende oomblik tuimel hy oor die vloer, en hardloop al huilend kamer toe.

Sy kyk na die jongste ene. "En wat wil jy vir ontbyt hê, jong man?" vra sy streng.

"Ek weet nie," antwoord hy. "Enig-, iets behalwe daai f*kken Post Toasties."

DWALENDE HOND

Jan: "Hoekom dwaal jou hond so rond?"

Piet: "Hy is besig om al sy afsprake te kanselleer. Ons het hom gister laat regmaak."

GRAFSKRIF

Die oujongnoui het in haar testament gesê Avbob moet die volgende op haar grafsteen sê:

"Gebore 'n maagd. Gelewe soos 'n maagd. Gesterwe as 'n maagd."

Avbob besluit toe dis te duur om so 'n lang boodskap uit te beitel, en skryf toe net: "Ongebruik teruggestuur."

NAGMAAL

Jannie sit saam met sy ma in die nagmaal, en sy het verduidelik dat hy nog te klein is om nagmaal te gebruik.

Toe die bordjie omkom, sê sy hy moet sy sy kollekte ingooi, maar die knaap weier. "Ek betaal nie as ek nie mag eet en drink nie," sê hy ewe kordaat.

VIAGRA LITE

Alles is deesdae Lite. Corsa Lite, Coke Lite, Sprite Lite. Tot bier en sigarette kom in die ligte kategorie uit.

Vir ou mans met hartprobleme is daar nou ook Viagra Lite.

Dit gee hom net vuil gedagtes!

RUGBYSTER

Twee bejaarde mans sit in die kroeg en kyk rugby op TV.

"Dis seker moeilik om te glo, maar ek was 'n goeie speler in my jeug. Op universiteit was ek omtrent man-alleen verantwoordelik vir die Maties se oorwinning oor die Ikeys."

"So," sê sy vriend, "en vir watter span het jy gespeel?"

LELIKE DING

'n Man vat sy siek vrou Dokter toe. Ná die ondersoek sê die dokter vir man:

"Ons het hier met 'n baie lelike ding te doen."

Die man sê: "Ek weet, maar sy is regtig goed vir die kinders."

HAGAR deur Dik Browne





MENSE en hul dinge

□ Kate moet in rat kom

Kate Middleton se dae van partytjie hou en niksdoen is blykbaar verby nadat koningin Elizabeth II (82) daarop aangedring het dat prins William se meisie vir haar 'n werk kry voordat dié twee verloof kan raak.

Gerugte dat die koningin ongelukkig is omdat Middleton nie veel meer as inkopies doen nie terwyl sy wag dat die prins uiteindelik die ja-woord vra, doen reeds geruime tyd die ronde.

Luidens berigte in die Britse pers het sy ouma nou haar voet neergesit.

□ Mini-koeie help in voortuin

As jy 'n grasperk het, kan jy nou 'n koeie koop wat niks groter is as 'n Duitse herdershond nie.

Die vraag na dié mini-beeste het die afgelope agt jaar in Brittanje verdubbel. Nie net is hulle klein genoeg om in jou voortuin aan te hou nie, maar verskaf glo tussen 8 en 10 liter melk per dag, kan as grassnyer gebruik word en natuurlik – as die ekonomie druk – die kospotte vul.

Die gewildste onder Britte is die Dexter-minibeeras wat oorspronklik in die 1800's in Ierland geteel is.

□ Diana se troukoek haal hoë prys



'n Stuk van wyle prinses Diana se troukoek is vir £1 000 (sowat R14 300) op 'n veiling verkoop. Dit is vir 27 jaar lank deur 'n skoonmaker wat in diens van die Britse koninklike gesin was, in haar solder gehou.

Me. Moyra Smith het die vierkantige sny koek van sowat 22,8 cm ná Diana se troue met prins Charles op 29 Julie 1981 gekry. Dit is saam met 'n brief wat Diana aan haar geskryf het, verkoop. Smith (78) het verlede maand gesterf en dit was glo haar doodswens dat die stuk koek verkoop word.

□ Laaste heks in ere herstel



Anna Göldi was meer as 220 jaar gelede die laaste heks wat in Europa onthoof is, en nou het die Switsers besluit al wat hulle kan doen, is om haar naam in ere te herstel.

Die parlement van die kanton Glarus het eenparig besluit om haar te verontskuldig as die as die slagoffer van 'n "regsmisdaad".

Sy is in 1782 onthoof vir die beweerde vergiftiging van 'n werkgewer se dogter. Die man had egter 'n verhouding met Göldi wat sy reputasie sou skend as dit op die lappe gekom het.

□ Geheim vir lang lewe

'N MAN in Southampton wat 105 jaar oud is, het die geheim vir sy lang lewe geopenbaar: Hy eet elke oggend 'n volledige Engelse ontbyt.

Douglas Terrey sê hy doen dit al vir 91 jaar, wat gelyk is aan 33 215 ontbyte. Hulle bestaan uit vier repies spek, 'n worsie, twee eiers, sampioene, tamaties, swart poeding en drie snye roosterbrood.

En dan rond hy dit af met 'n bord vol ontbytgraan.

Hy sê hy het die ritueel begin toe hy hom as 13-jarige by die leër aangesluit het. Dit was sy manier om te sorg dat hy nie honger word as hy moes werk nie.

□ Moenie vals sweer nie!

'N SJINEES genaamd Xu wat voor die Here gesweer het dat hy 'n buurman nie geld skuld nie, is 'n minuut later deur die weerlig geslaan.

Xu het die eed voor 'n groep bure afgelê. Hy het ontken dat hy mnr. Huang 500 yuan (R560) skuld. Huang het ingestem om die skuld af te los as Xu sweer dat hy dit nie verskuldig is nie.

Die eed is afgelê, en 'n minuut later het die weerlig Xu getref. Hy is in die hospitaal opgeneem. Dokters het bevestig dat hy deur weerlig getref is, maar dat hy ten volle sal herstel.



MAKERIEPAS!

Stories uit die weermag

Wagstaan op Rooikop se lughawe [1]

Deur Kanonnier H.J. Greeff

Met gereelde tussenpose het ons diensweke op Walvisbaai moes doen.

Gedurende daardie week doen jy nie die normale opleiding nie, maar werk jy die heel week by 'n plek soos byvoorbeeld die menasie. So kry elke groep sy beurt.

Dit word om die beurt toegewys aan Artillerie, Tiffies, Infanterie (Bokkoppe) of Pantser (Koolkoppe) ensovoorts, wat dan die hele kamp se funksies moet verrig - van wagstaan to koskook. Meestal wagstaan.

Elke ses weke was dit ons beurt. Daar word woes agter die skerms baklei en omgekoop om sekere take te kry. Wagstaan by die lughawe of werk in die offisersmenasie was gesog, want daardie mense eet daardie week baie lekker.

Op 'n slag staan ons wag op die lughawe by Rooikop naby Walvisbaai. Saam met ons is die einste Frik, die drywer, oor wie ek al vantevore geskryf het in die episode met ons mak bobbejaan. Ook saam met ons is PJ Botha. Grootbek PJ Botha. Windgat PJ Botha.

Tot daardie week.

Daar was lang bangmaakstories en gerugte oor die spoke wat snags in die woestyn naby die lughawe dwaal. Ons het lankal agter gekom hoe kry PJ 'n snaakse uitdrukking op sy bakkies as ons in die aande daarvoor lê en gesels.

Kennis is geneem.

Nou moet mens verstaan hoe ver die verskillende wagposte op die lughawe uit mekaar was. Die radiotoring en die seintoerusting was in aparte geboue en baie ver van die wagkamer.

Wanneer die gewoonlik digte mis elke aand oor die woestyn daal, moes jy jou storie ken om nie te verdwaal nie.

Weens die gevaar van sabotasie daardie tyd, het die lughawewagte dan ook skerp punt ammunisie gekry. Die magasyn was wel geseë, maar dit was baie maklik om daardie loodraadjie te breek.

So met die wagte se omruil het ons gesorg dat daar gereeld in PJ se teenwoordigheid verwys was na die gerugte van terroriste in die omgewing. Natuurlik niks waar nie. Elke wagpos het ook 'n slingertelefoontjie gehad wat met die wagkamer verbind was in geval van nood en om so nou en dan te rapporteer jy is nog wakker.

Ons het ook gesorg dat PJ die nanag-skof kry - die een waartydens 'n mens se verbeelding lekker op loop kan gaan.

Als word gereël met Frik, wat as tweede-in-bevel in die wagkamer diens moes doen. Hy moes sorg dat die wagte betyds opstaan vir hul skof. Hy het ook gesorg dat PJ nie daardie aand enige lewendige ammunisie by hom gehad het nie.

PJ se wagmaat het skielik 'n vreeslike maagpyn ontwikkel en 'n baie ongelukkige kanonnier PJ Botha moes alleen by die radiosendergebou gaan wagstaan. Drie van ons wat op vroeë skof was, het net gewag dat PJ hulle al so 'n uur lank op wag is, toe stop ons klere onder ons bed se komberse in sodat dit lyk ons slaap daar.

Met balaklawas en dik armyjasse aan, sluip ons uit en maak 'n wye draai om die radiotoring sodat ons dit uit die woestyn se rigting benader. Uiteindelik is ons by die hoek van die doringdraad-omheining. Ons begin gedemp met mekaar praat. Klank trek ver in die digte mis en die doodse stilte van die vroeë oggendure. Dan hoor PJ ons.

(Lees volgende keer verder.)



Brood vir die Blik

Anna se Dadelbrood

375 g fyn gekerfde dadels	5 ml koeksoda
125 g margarien in klein blokkies gesny	250 ml kookwater
190 ml suiker	1 eier, geklits
5 ml vanielje essens	500 ml meelblom
5 ml bakpoeier	125 ml gekapte neute

Plaas die dadels, margarien en koeksoda in 'n mengbak. Gooi kookwater bo-oor. Roer en laat staan om koud te word. Klits eier, suiker en vanielje-essens goed en gooi by die dadelmengsel. Sif meelblom en bakpoeier saam en vou by die dadelmengsel in.

Gooi neute by en meng goed. Bak 60 minute lank in 'n voorverhitte oond van 180 °C in 'n gesmeerde broodpannetjie.

● Hierdie resepte kom uit een van Anna Eksteen se talle E-Resepteboeke. Gaan na www.onsdorp.com/kookpunt.html en bestel jou eie uit 'n groot verskeidenheid resepte.



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Een van die suksesvolste afdelings op *Onsdorp* se webwerf is die Stamboom-afdeling. Gaan gerus na *Onsdorp* by www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord **boomstam** moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

Buys

sbbuys@mweb.co.za

Ek werk aan die Buys-familie in Suid-Afrika. Dit sluit die nakomelinge van Barend Buys sowel as Nederlanders wat later gekom het in.

Ek werk op die kantlyn ook aan die **De Buys**-familie om verwarring met die Buys familie uit te skakel

Erasmus

joeline@archstone.co.za

Jan Hendrik Hermanus Stephanus – Oupa

Hancke en Hanekom

johann@hanekom.org

Johann Hanekom soek alle Hancke en Hanekom mense (gebore en aangetroud) in die wêreld, vir insluiting in die familieregister by www.hanekom.org.uk

Hanekamp

johann@hanekom.org

Johann Hanekom soek alle Hanekamp mense (gebore en aangetroud) in die wêreld vir insluiting in die Familieregister by <http://www.hanekom.org.uk/phpgedview/index.php?ctype=gedcom&ged=hanekamp.ged>

Möller

alidaschwarck@yahoo.de

Ek wil graag weet of daar iemand is wat die stamboom van Möller maak.

Groot oupa was Frikkie of Frederik Jacobus Willhelem Möller

Mulder

chris_mulder@admworld.com

Ons familie het buite Cradock in die Oos-Kaap geboer. Ek het die familienaam by my oupa gekry. Christoffel Johannes Mulder.

www.onsdorp.com/stamboom



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

Kom kuier op Sannieshof!

SANET BEZUIDENHOUT, Sannieshof:

Dis wonderlik dat ek nou hier op Onsdorp se webwerf afgekom het. Ek sien dat jy en Kamermaatjie op Klerksdorp gewoon het en ek neem aan dat julle ook Sannieshof sal ken, so n klein plekkie wat eenvoudig net verdwyn op die vlaktes van Noordwes.

Die brawe Marina Otto het 'n jaar terug die Hartsmeander Toerismevereniging hier gestig en dit gaan maar sukkel-sukkel, maar dit is aan die skop. Ek en Allan, my wederhelf, het 1 Augustus deel geword van die gemeenskap en ons Bed & Ontbyt is nou oop. (Hoop die gaste rol in.)

Dit is my droom om weer die ou tradisies terug te bring na die platteland en ons gaan probeer om 'n maandelikse Boeremark hier aan te bied. Hier is so baie talent en die mense besef nie regtig wat so 'n mark vir die gemeenskap kan beteken nie.

Ons wil graag al wat 'n Boer is betrek wat 'n ietsie het om te verkoop en al die ander met hul kunstige hande, die kaasmakers, die konfytkokers, die baksters, die plaasbottermakers, die hele kaboedel.

Die mense weet ook nie van al ons geveerde vriende hier rond nie. Baberspan is bekend vir visvang, maar is Internasionaal beter bekend vir sy ongelooflike watervoël-lewe, die eintlike doel agter die reservaat.

Ons nooi almal om vir ons te kom kuier. Kontak ons gerus via e-pos en ons belowe om gereeld terugvoer te gee.

Trotse Afrikaanse groete.

Daaronderland op die Gautrein

HANLIE BOTHA:

Ná al die interessante onderhoude met jou wat ons die afgelope tyd gesien en gehoor het aangaande die Gou-gou Trein, wil ek darem net sê: Jou slim kind! Het dit baie geniet en waardeer en sien uit na meer sulke insette oor die radio en TV.

Wat Kammaland betref wonder ek: Ons het nou vir Anderkant- en Duskantland. Maar met die Gou-Gou Trein het ons nou ook 'n Daaronderland (wat nie Australië is nie!)

Oувrou kla oor Kammanuus

FAAN:

Dankie vir jou gereelde Kammanuus. Net een probleempie. Die  uvrou wil my moer as ek haar 3uur die more wakker lag. Jou k'rant is bak. Groetnis.

(Jy gaan maar die Kammanuus helder oordag moet uithaal! Of is hy snaakser as jy hom skelm lees? Hennie.)

Sukkel met betaling

HENNO HEYMANS, Kanada:

Ek wil net eers s  baie dankie vir die harde werk wat jy in jou nuusbrief inploeg! Ek haal my hoed vir jou af en voel skaam dat ek nie so hard werk om ons ou volkie bymekaar te hou nie.

Ek wil graag 'n donasie vir julle stuur om met die projek aan te gaan. My Mastercard-transaksie word verwerp met "reason code 4". Kan jy vir my s  hoekom?

(Dankie vir die mooi gedagte Henno! Gewoonlik is dit die verwysingsnommer wat deur die vormpie gegenereer word wat mense soms vergeet om in te sit. Is daar dalk ander lesers wat dieselfde probleem ervaar? Ek hoor graag van julle - Hennie.)

AGTEROS

Drienasies-toets op Nuweland

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

***"Lyk dit vir julle of als oukei is? Ons
bleddie Olimpiese span vaar beter
as hierdie spul paloekas!"***

SO sit Dippies en sy buurman Frik mos Saterdag daar in Dippies se "privaat losie" tuis en stapel proviand op om te kyk hoe die Bokke die All Blacks gaan opf . . . rommel.

Lekker opge-*tense* oor die voorskou. Hang ewe plegtig die Vierkleur voor die binnebraai op en gooi 'n ou flenter Union Jack as kleed oor die proviandtafel. Berg van Kastele gebou. Nuwe Coke Zero's opge-*line* om die Wellington mee te verdun. Drie boomstomp-grootte beesbiltonge op 'n skinkbord gedrapeer en vier pakke Simba sout-en-asyn tjips op die kantlyn. Net vir ingeval. En 'n bakkie *peanuts* – vir impak!!

O ja, en Dippies het 'n vuvuzela by Pikkewyn by die drankwinkel present gekry. Dié staan neffens sy stoel om die groot oomblikke mee te basuin. Sommer kans om fiks te word vir 2010 se spektakel.

Naas-goed probeer nog om ingeligte kommentaar te lewer oor hoe dit gedoen moet word, maar Frik-goed kan g'n stuk niks hoor nie, want 35 000 tromme op Nuweland lui die nuwe era in. Hoor en sien vergaan. Naas lyk soos iemand wat in 'n sinkskuur op die Knersvlakte midde in 'n moerse haelstorm staan en sing. Lippe beweeg, maar g'n geluid nie!

Wonder Frik wat het gestaan en word van banjo's, kitare en saksofone. Dis mos Nuweland-musiek. Nie hierdie midde-Afrika gerommel nie. Dippies stry nie. Knik en kou net.

Die fluitjie blaas en Butch skop 'n regte ou k*k skoppie. Frik stik in sy tweede Kasteel en Dippies laat val 'n Zero van die kroegtoonbank af. Sduit onder oorverdwende tromgetjommel alles binne reikafstand nat en taai! Asof 'n voorspel op wat nog gaan kom.

Frik se derde Kasteel vou hy sommer so opslag in sy vuus toe toe die Swartspan gaan *score*. Skuim loop teen sy hand af en hy trek 'n Lot se vrou op hom. Versteen soos 'n soutpilaar en staar na die kassie asof Eskom so pas ge-*load shed* het!

Manne, en toe begin die pête mos die stange deurbyt. G'n keer nie. Dippies donner twee blokkies ys in Frik se bak *peanuts* in plaas van in sy eie glas. Habana sny lyn en gaan *score!*. Gryp Dippies die vuvuzela en hol voorstoep toe om die drie te trompetter.

Vir dié wat nie weet nie – Dippies het twee honne. Tessa, die oudste, reeds gevorderd tot bykans 112 mensjare. Stokblind en vrot van Alzheimers (of wat ook al ou honne kan kry) en 'n middeljarige reunhond, Ketooolsie.

Met dié dat Dippies die vuvuzela oopdraai, spring Tessa vervaard op en val die eerste en naaste potplant verwoed aan! Ketooolsie val van die voorstoep af en hol swembad toe. Dek sommer opslag die Kreepy Krauly!

Frik skrou Dippies moet sharrap en die *TMO* se beslissing kom kyk – dissie 'n drie nie!

Gryp Frik die Geelbladsye en begin vervaard die *SPCA* se nommer opsoek. "Hoe de donner kan hulle 'n gidshond aan 'n blinde skeidsregter se fluitjietou vasmaak en toelaat dat hy die stomme hond die veld vol rondsloop!" bulder hy.

Enigste een wat Frik se tirades hoor, skyn Matfield te wees, want twee keer probeer hy die skeidsregter se donkerbril afhaal om dit saam met sy fluitjie en wit kerie in sy gat op te druk. Of altans, so moedig Frik hom aan!

Ons twee vrinne raak al stiller en stiller. Staar nikssiende na die kassie. Dippies gooi nog 'n Wellingtontjie, en met dié wat hy dit wil opkikker met 'n Zero, gil Frik soos 'n haweslet met 'n orgasme. Val Zero die tweede keer. Sduit Zero vir die tweede keer.

Dippies dog Frik was in 'n trapskrum te oordeel aan die bloed. Beduie pawiljoen toe vir noodhulp. Staar Frik met oopgesperde oë na sy linkerduim sonder kop! So meegevoer geraak dat hy die biltong met 4 cm misgesny het!

Brandewyn hettie brieke nie! Dips gooi 'n stywe knerts in in 'n lang glas en verdowe vir Frik-man opslag. Verbind vernuftig die wond met die Union Jack en sê vir Frik: "Jy kan maar tjeer en beduie met daai hand met die Union Jack om hom gedraai, maar net nie as die Bokke dalk score nie. Tussen al die k*k is daar nie nog plek vir Hensoppers en Hanskakies ook nie!"

Algaande raak onse vrinne al stiller en stiller. Kom kyk die vrouens of hulle nie dalk Avbob se pawiljoen toe is nie. Soos geitjies wat pypolie ingekry het sit die tweemanskare en staar na die kassie. "Alles nog oukei?", vra vroulief Dips.

"Is julle donners blind?" skrou die skare. "Lyk dit vir julle of als oukei is? Ons bleddie Olimpiese span vaar beter as hierdie spul paloekas!"

Blaas Vroulief-goed maar die aftog en sluip uit die losie uit. Brom iets van "dronkgat" en "swak verloorders", maar versigtigheidshalwe buite hoorafstand. Gaan bêre solank die snoek en patats. Die twee Groentruie gaan ná dese in elk geval te moeg wees om rooster om te draai!

Kerf, skink, kou, sluk. In stilte. Twee ongelowige Thomasse wat nie kan gló wat hier voor hulle oë aan't gebeur is nie.

Doodsnikke van die wedstryd – nog doodsnikliker is die voorraad Kasteel en Wellington. Skare sit nou knikkoppie en staar na die Swart Sekels wat besig is om alles wat Groen is met presisie af te maai.

Steyntjie na De Villiers, De Villiers *pass* sierlik na die Swartspan en die Hakas dryf die laaste spyker lag-lag in die Groen kis met die Goue deksel in.

Sê Dippiesh: "Frikman, hulle kan shê wat hulle wil, maar nou het daai donnershe All Blacksh darem *shmart* by onsh agterlyn aangesluit. Onsh gaan nie weer gou sho 'n shkitterende agterlynbeweging shien nie!

"Ish sho", beaam Frikman en voeg by: "Volgende Shaterdag gaan ek die vrou en kindersh vat om blomme by Shitrusdal te gaan kyk. Kom julle shaam?"

En so sit onse twee vrinne verbysterd en luister hoe die *coach*, van agter 'n swaar Snorgordyn, met sy helium-stemmetjie almal probeer wysmaak perdedrolle is vye.

Swaar sug ou Dippies: "Met eish ja, met eish!"

**André Dippenaar is van Vredenburg aan die Weskus en het
goedgunstiglik ingestem tot die publikasie van sy "verslag" wat
deur 'n ander Kammalander aangestuur is.**

**KAMMANUUS se volgende uitgawe is op 22 September.
Tel maar die slabies!**